

**HEILBRON GOLFklub
PRESTIGE AAND**

24 NOVEMBER 2018
Inskrywings koste: R250 per speler
(Sluit middag ete & gala aand in)
Formaat: IPS

INSKRYWINGS:
SALANA | 076 856 4990
GERRIE | 083 620 7018

GALA AAND:
R100 per persoon

Gala Aand Behels:
Gassprekers
Musiek vermaak
Veiling
2 Gang Maaltyd

GASTE:
OS DU RANDT | NAKA DROTSKÉ

GASSPREKERS:
ADRIAAN STRAUSS | BRIAN MITCHELL

Plaasjapies trap stad se stofpad plat

Grondpaaie in Johannesburg?

Hierdie gedagte is vir die meeste Vrystaters só onwaarskynlik soos heel strate op die platteland.

Tóg kan vyf Heilbronners ná die afgelope naweek van twee dinge getuig: daar is grondpaaie in Johannesburg en hulle is nie noodwendig plat nie.

Liza Boshoff, Esté Nel en die Claasens, Louise, Mariëtte en Neels, het Sondag saam met honderde ander fietsrygeesdriftiges aan die Telkom 947-bergfietsuitdaging te Johannesburg deelgeneem.

Die dames het die korter been, 25km, aangepak terwyl Neels sy fietsryvernuw op die 55km-roete getoon het.

"Ten spyte van die feit dat dit baie warm was, het ek myself hard gedruk om klaar te maak," het Esté vertel. Sy is 'n groentjie tot dié sport en het haar eerste bergfietswedren in 'n tyd van 1:29:42 platgetrap. "Ek is baie tevrede met my tyd en dink die fietsrygogga het my beslis gebyt," het sy bygevoeg.

Louise was die tweede vinnigste Heilbronner oor die wenstreep met 'n tyd van 1:30:10. Volgens haar is daar geringe veranderinge aan die roete aangebring en het sy vanjaar beter as verlede jaar gevaar.

Liza was dít met haar eens: "Die eerste en die laaste dele van die roete was anders en dit het die roete vergemaklik." Sy het die uitdaging in 'n tyd van 1:36:54 voltooi. Byna 10 minute vinniger as verlede jaar.

Mariëtte is nie nuut tot die sport nie, maar dit was die eerste keer wat sy aan dié resies deelgeneem het. Dit het haar 'n tyd van 1:42:59 geneem om die stof van Johannesburg agter te laat. "Ek besef nou ek moes 'n paar maande voor die tyd begin oefen het en nie die week vóór die tyd nie," het sy opgesom. "Maar ek het myself verbaas en dink ek gaan volgende jaar reg wees vir die 55km," het sy skertsend bygevoeg.

Die ster van die dag was egter haar boetie, Neels. Hy het die langer been (55km), in 'n gemaklike tyd van 3:13:08 voltooi.

Sowat 1741 bergfietsryers het aan die 25km-uitdaging deelgeneem terwyl 1589 die 55km-been aangepak het.

• Lede van die Heilbron Fietsryklub is tans besig met finale voorbereidings om Sondag aan die 947 Telkom-padfietsuitdaging deel te neem. Die roete kronkel oor 94,7km van Johannesburg se strate.



HOU BENE, HOU! Drie van die vyf Heilbronners wat die afgelope naweek die grondpaaie van die Goudstad gaan verken het. Van links is Liza Boshoff, Esté Nel en Mariëtte Claasen.

Herald Sport

Rolbal Nuus

Die afgelope Saterdag is die eerste been van die klubkampioenskappe gespeel waar sestienspelers deelgeneem het en uitstekende rolbal is gespeel. Die nuwe spelers, Suzie van der Westhuisen, Antoinette Cunningham en Hannelie Claassen het hulle baie goed van hulle taak gekwyd en die "ouer" spelers moes behoorlik uithaal en wys om as wenners uit die stryd te tree, hierdie goeie spel van die beginner spelers het dan ook bewys dat hulle nie meer as beginners gereken kan word nie. Middagete was lip-lek lekker met Buffalo Valley Spur se hamburgers. Die mans en dames finaal sal gedurende Desember gespeel word wanneer Koos Bierman en Ollie Iverson mekaar pak om te bepaal wie die 2019 kroon gaan dra. Gaan Koos dit twee in 'n ry maak of gaan Ollie die kroon Zimbabwe toe

vat? Die dames finaal gaan 'n naelbyt stryd wees wanneer Magda Bierman en Janice Ross hulle rolballe blink vryf. Die rolbalklub is ook bevoorreg om Janice, wat in Zimbabwe woon, welkom te heet as lid by die klub. Ollie en Janice beplan om nou meer tyd in Suid Afrika te spandeer om meer aandag aan sy boerdery te kan gee.

Aandag aan die ouers:

Met die skool vakansie op hande nooi ons ouers uit om hul kinders, ouer as 13 jaar, Woensdae middag na die rolbalklub te bring waar ons hulle aan die sport bekend sal stel. Meld aan teen 13:45. Spel begin om 14:00 tot ongeveer 17:00. Al wat benodig word is plat skoene, tekkies, kaalvoet en 'n geldjie vir koeldrank. Vir verdere inligting kan Gerald Rademeyer gekontak word by 082 318 3965.

Krieket Nuus



Heilbron het die loot gewen en besluit om eerste veldwerk te doen. Sasol kon net 136 -10 na 23 boulbeurte haal. Heilbron het dit vinnig bereik met 137-3 na 14 boulbeurte, en wen die wedstryd met 7 paaltjies. Heilbron se twee Pro 20 wedstryde van Saterdag is gekanselleer.

Die boul statistieke is soos volg: Wikus van Wyk - 6 boul-

beurte, 5 paaltjies en 28 lopies afgestaan. Stephan Heyneke - 5 boulbeurte, 2 paaltjies en 22 lopies afgestaan. Pieter Baan - 6 boulbeurte, 2 paaltjies en 24 lopies afgestaan. Die kolf statistieke is soos volg: Pieter Baan - 53* lopies, Stephan Heyneke - 44 lopies en JP Botha - 21 lopies.

Indien u enige nuus vir die koerant het, skakel of stuur e-pos vir Jolandri by 079 846 1075 of 058 852 3033 E-pos: heraldnuus@heilbron.co.za

BKB Louwid NOORD

Die komende week se BELANGRIKSTE veilings

MAANDAG - 19 NOVEMBER 2018

BULTFONTEIN Twee-weeklikse veiling.
Kontak Louwjie Bezuidenhout 082 827 7443

DINSDAG - 20 NOVEMBER 2018

KLERKSDORP Weeklikse veiling.
Kontak Rudy van der Westhuisen 079 418 4289

VEREENIGING Weeklikse veiling.
Kontak Jan-Hendrik Muller 072 512 2617

DONDERDAG - 22 NOVEMBER 2018

FRANKFORT Weeklikse veiling.
Kontak Piet Boshoff 083 210 7135

KROONSTAD Weeklikse veiling.
Kontak Schalk Jonker 073 007 0022

VRYDAG - 23 NOVEMBER 2018

STANDERTON Weeklikse veiling.
Kontak MJ Lourens 072 515 3549

POTCHEFSTROOM Weeklikse veiling.
Kontak Riaan Herbst 076 154 5049

www.bkb.co.za
BKB Louwid NOORD 2005/026173/07
Posbus 220, Frankfort, 9630
Tel: (058) 813 1071 Faks: (058) 813 2317
e-pos: frankfort@bkbLouwid.co.za

